EVOLUSIE...

WAT IS DIT EN KAN EK DIT GLO?

Hanan Viljoen

WAT IS EVOLUSIE?

Toe ek op 'n keer met leerlinge in 'n skool oor evolusie gepraat het, het ek agtergekom dat die meeste van hulle glad nie geweet het wat die woord beteken nie! Ek dink, dat jy wat nou hier lees, waarskynlik die woord ken en dat jy dalk 'n hele paar feite daaroor korrek sou kon neerskrywe. Een ding is seker: dit is in ons tyd baie belangrik om kennis te hê oor presies wat evolusie is. Ek hoop dat hierdie skrywes vir jou daarmee sal help.

Evolusie is in die eerste plek 'n manier waarop mense probeer verduidelik hoe alles ontstaan het. Dit gaan dus oor die oorsprong van alle dinge.

MOEILIK EN TOG MAKLIK

In 'n sekere sin is die vraag wáár alles vandaan kom, baie moeilik. Die rede? Geen mens was teenwoordig toe God alles geskep het nie. Niemand kan dus as ooggetuie vir ons daarvan vertel nie. Die Here vra byvoorbeeld vir die man Job: "Waar was jy toe Ek die aarde se fondamente gelê het?" – Job 38:1. Natuurlik was Job met die skepping nog nie eers gebore nie. Al manier waarop Job, of enige ander mens sou kon weet hoe alle dinge ontstaan het, sou wees as die EEN wat alles gemaak het, vir ons sou sê hoe dit gebeur het. Dit is presies ook wat God in die eerste twee hoofstukke van die Bybel doen. Lees gerus weer Genesis 1 en 2 in jou Bybel.

Natuurlik is daar ook baie ander Bybelgedeeltes wat oor die Skepping praat. In Exodus 20:11 staan daar byvoorbeeld geskryf: "Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak: die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus."

In Hebreërs 11:3 lees ons dat God net deur woorde uit te spreek, die wêreld laat ontstaan het. Hy het dus nie die wêreld uit iets gemaak nie maar uit niks! Telkens het Hy net gesê: "Laat daar wees..." en dan wás daar!. Dít kon Hy doen omdat hy Gód is.

Alle pogings wat mense aanwend om op hulle eie (sonder die Bybel) te verduidelik hoe alle dinge ontstaan het, is raaiwerk! Soos jy later sal sien, het hierdie spekulasies tot allerhande snaakse en onmoontlike verklarings aanleiding gegeee. In plaas daarvan dat mense maar net soos klein kindertjies God se eie verhaal, soos Hy dit in die Bybel laat opteken het, aanvaar!

CHARLES DARWIN EN EVOLUSIE

'n Man van Engeland, Charles Darwin, het sowat 150 jaar gelede eerste die teorie van evolusie breedvoerig beskryf. Sy boek "The Origin of Species..." se titel beteken 'Die Oorsprong van Soorte'. Dit is nogal 'n dik boek met 470 bladsye. En terloops, die woord "species" in die titel van Darwin se boek kan ook vertaal word met die Afrikaanse woord "spesies" maar omdat hierdie woord nie so goed bekend is nie gebruik ek die woord 'soorte'.

Kom ons kyk verder na die teorie van evolusie waardeur sommige mense probeer verklaar hoe alles ontstaan het.

Evolusie beteken "stadige ontwikkeling". In kort kan ons evolusie dan beskrywe as dié leerstelling wat sê dat alle lewe stadig ontwikkel het vanaf 'n eensellige organisme of diertjie, tot by die mens.

VERDUIDELIKING

Die woord "organisme" word meermale in hierdie skrywe gebruik, daarom 'n kort verduideliking: 'n Organisme verwys na enigiets wat lewe. Dit sluit dus alle lewende dinge in – vanaf 'n eensellige diertjie tot by die mens. Dit sluit ook ons plantlewe in.

Die "ontwikkeling" waarvan hierbo gepraat word sou volgens die leer van evolusie duisende miljoene jare geneem het.

Die volgende vraag wat ons moet vra is: waar het "die lewe" wat in die eensellige diertjie was, vandaan gekom? Hierop antwoord die voorstanders van evolusie natuurlik dat die diertjie "heel toevallig" ontstaan het uit 'n proteïnryke vloeistof of "sop" wat ook duisende miljoene jare gelede bestaan het. Die "sop", sê evolusioniste, het weer ontstaan as gevolg van die "groot knal", bekend in Engels as die "big bang". Ook die heelal, beweer evolusioniste, sou deur 'n groot knal of ontploffing tot stand gekom het. (En nou wonder sommige weer Wie die groot knal kon veroorsaak...)

Charles Darwin het eerste die idee gehandhaaf dat die ontwikkeling van organismes deur "natuurlike seleksie" en deur "oorlewing van die sterkstes" plaasgevind het. Soos hierbo gesê, het hierdie ontwikkeling dan tot by die mens voortgegaan. Volgens voorstanders van die evolusieleer, gaan die ontwikkeling van die organismes ook nog steeds voort. "Alles is besig om aanhoudend te evoleer", vertel hulle so graag.

TWEE SIENINGS OOR EVOLUSIE

As 'n mens al die feite oor die leer van evolusie onder oë neem, word dit duidelik dat daar twee hoofsienings oor die onderwerp is. Die eerste is dat evolusie 'n 'ateïstiese' proses is.

Die eerste siening is dat dit 'n "Ateïstiese Evolusie" genoem word.

Die tweede siening word genoem "Teïstiese Evolusie".

Verskoon asseblief die groot woorde maar ons moet hulle ongelukkig maar gebruik. Ek sal verduidelik:

Die woord "a-teïsties" beteken 'sonder God', of net sowel gestel 'teen God'. Ateïstiese evolusie sê dan, dat alle dinge sónder God deur 'n groot ontploffing ontstaan het.

Presies waarom voorstanders van hierdie leer God nie as Skepper wil erken nie, sal ek namate ons in hierdie onderwerp vorder, verduidelik. Wat egter nou belangrik is om raak te sien is dat ateïstiese evolusie ons probeer leer dat daar geen God is nie! Hulle glo ook dat alle dinge, insluitend lewe, per toeval en vanself ontstaan het! Hierdie toeval word ook as 'n "ongeluk" beskryf.

Of alle dinge wel "per ongeluk" kon ontstaan, moet ons vir onsself uitmaak. Hiermee hoop ek, sal die res van hierdie reeks jou werklik help.

NOG EVOLUSIE-TEORIEË

TEÏTIESE EVOLUSIE

Hierdie soort evolusie leer dat daar wel 'n God is, en dat Hy ook die oorsprong van alle dinge is. "Maar", sê die voorstaanders van hierdie teorie, "God het die groot knal laat gebeur en dit gebruiik om die heelal te laat ontstaan."

Beide ateïstiese en teïstiese evolusie leer dat die groot knal baie, baie lank gelede uit 'n verskriklike klein volume saamgepersde materiaal plaasgevind het. Die digtheid van die materiaal was glo onberekenbaar groot. Hulle vertel die Here het dit wat uit die ontploffing voortgekom het, deur evolusie laat ontwikkel tot by alles wat vandag bestaan. Hulle aanvaar dus nie, soos wat die Bybel sê, dat God net deur te spreek alles tot lewe geroep het nie. Hulle sê dat Hy dit deur 'n ontploffing en daarna deur evolusie laat gebeur het.

Die kern van wat ons tot dusver oor die evolusieteorie gesê het is dat dit leer, dat alle dinge ontstaan het deur 'n "natuurlike proses". Hierdie benadering word in sy geheel ook beskryf as

"naturalisme" en dit is ook die belangrikste idee of filosofie van die evolusieleer. Naturalisme lei uiteindelik daartoe dat baie mense die natuur, en nie God nie, aanbid. Sommige praat dan ook van "moeder natuur". Dít sluit dan weer aan by die New Age "godsdiens".

LEWE UIT DIE BUITENSTE RUIMTE

'n Derde gedagte wat in ons tyd al hoe meer veld wen is dat lewe uit die buitenste ruimte op aarde "geplant" is deur buite-aardse wesens! Al van "aliens" gehoor? Vandag word baie pogings aangewend om met hierdie spookwesens kontak te maak. Tot dusver het dit nie geslaag nie en kon geen boodskappe van hulle ontvang word nie. Dit is duidelik dat hierdie teorie die spekulasie van bygelowige mense is want daar is geen sweem van feitelike getuienis vir die bestaan van sulke wesens nie. Hierdie soort "science fiction" is maar feëverhaaltjies vir volwassenes.

Waar kry mense die bogenoemde idees vandaan?

Die antwoord op bostaande vraag is eenvoudig: Mense het dit self uitgedink! Daar is geen wetenskaplike bewys vir een van die genoemde idees nie. Dit is bloot gissings of menings. Moenie vir een oomblik omgeloop word deur die leuen dat evolusie wetenskaplik is en op feite berus nie. As jy die gegewens wat verder in hierdie reek behandel word noukeurig volg sal jy agterkom dat evolusie die grootste leuen is wat in die afgelope tweehonderd jaar in die wêreld verkondig is, al word dit natuurlik gepropageer onder die dekmantel dat dit wetenskap is.

Dit val my dikwels op hoe oortuigend seker evolusioniste van hulle idees klink. Die werklikheid is egter dat evolusie 'n hipotese is en dat dit op veronderstelde aannames gebou is.

SKEPPINGSGELOOF

Teenoor die bostaande idees, dat alle dinge natuurlike oorsake het, staan die skeppingsgeloof. Dit beteken dat ons die Bybel se verklaring van hoe alle dinge ontstaan het, aanvaar. Dit leer, soos ons tevore uit Genesis 1 en 2, Eksodus 20 en Hebreërs 11 gesien het, dat God in ses dae die hemel en die aarde uit niks geskep het. Jy mag miskien die vraag vra: Maar hoe weet ons dat God die hemel en die aarde geskep het want niemand behalwe God Self was daar om dit te sien gebeur nie? Natuurlik! Ons kan ook nie persoonlik na God toe gaan en Hom oor alles uitvra nie. Hoe dan nou? Wel, hier is ons as Christene se antwoord uniek en dit is die volgende:

God het sy profete en apostels van die ou tyd gebruik om al die kennis en inligting wat ons oor die skepping móés hê, in die Bybel laat opteken.

Daar staan in 2 Timotheus 3 vers 16 geskrywe: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot teregwysing en tot onderwysing..."

in 2 Petrus 2 vers 21 staan daar ook geskrywe: "Deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek."

God praat dus met ons deur die Bybel – dié Boek wat Hy deur sy dienaars onder leiding van die Heilige Gees laat skrywe het. So kry ons die noodsaaklike inligting oor God en sy skeppingswerk, waarvan ons andersins nooit sou geweet het nie. Geen ander godsdienstige boek ter wêreld kan met die Bybel vergelyk word nie.

Die konsekwensie of gevolg van wat hierbo staan, is dat Christene wat die Bybel as Woord van God aanvaar, beide ateïstiese en teïstiese evolusie verwerp. Die rede? Die Bybel is God se Woord, en dit weerspreek beide ateïstiese en teïstiese evolusie, en natuurlik ook die belaglike "alien"- idees.

Ons ondersoek volgende keer nog wyses waarop ons kennis oor hierdie wonderlike skeppingswerk van God kan opdoen.

Kennis deur wat ons sien

Daar is nog 'n verdere manier waarop ons kennis oor God se skeppingswerk kan kry. Dit is deur noukeurig na die skepping rondom ons te kyk.

In Psalm 19: 2-5 staan daar digterlik geskrywe: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend. Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee. Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hul stem. Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle talle bereik die uithoeke van die aarde."

In Romeine 1: 20 staan daar geskryf:

"Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie."

Die laaste vers wat jy pas hierbo gelees het leer ons iets baie belangrik. Dit is,dat as ons na die skepping kyk waarvan ons deel is, ons kan sien dat 'n Oneindige, Grote, Wonderlike, Wyse en baie Magtige God, hierdie skepping moes geskep het! Alles wat bestaan, kon nie maar vanself en per toeval ontstaan het nie. So 'n moontlikheid is algeheel uitgesluit en onlogies.

Die logika van die Bybel

Ek moet dit vir jou beklemtoon, dat wát die Bybel oor die skepping leer, baie meer logies is as enige van die idees wat ons tot dusver bespreek het. Waarom sê ek dit? Hier is my antwoord:

Ingewikkelde ontwerp soos wat ons aarde en die heelal is, vereis 'n alwyse Ontwerper en 'n almagtige Skepper om dit te laat gebeur!

Die bostaande stelling beteken dat alles wat ons sien, nie maar vanself kon gebeur het nie. Die kans dat dit wel vanself sou kon gebeur is vir altyd en altyd onmoontlik.

Dit is soos 'n horlosie wat iemand aan sy arm dra. Iemand móés dit gemaak het! Daar is nie 'n manier waarop die horlosie vanself kon "gebeur" het nie, of dat dit homself kon gemaak het nie. Die onderdeeltjies van die horlosie kon ook nie vanself na mekaar toe gespring en aan mekaar begin vasklou het nie.

Want...

Horlosies ontstaan nie vanself nie!

Ontwerp

Kom ons gesels verder oor ontwerp en oor die maak van 'n ontwerp.

Ingewikkelde ontwerpe gebeur nooit vanself nie. Dit gebeur ook veral nie deur 'n ontploffing nie. Kom ons neem as voorbeeld die eetkamerstoele of die kombuisstoele waarop ons elke dag sit. Hoe het hulle ontstaan? Sommer vanself, of deur 'n ontploffing? Vir seker sal jy nie een van die twee glo nie want, 'n ingewikkelde ontwerp vereis altyd 'n ontwerper. En jy sal seker byvoeg dat iemand die ding moes gemaak het.

'n Ontwerp is iets wat 'n gevormde struktuur het, en struktuur is iets wat op 'n sekere manier aanmekaargesit is. Ons kan 'n stoel ook 'n gespesifiseerde struktuur noem. 'n Ontwerp is nie sommer iets soos modder wat ná swaar reën van 'n berg af loskom en wat afgly en vormloos iewers op die laagste punt tot stilstand kom nie. Daar is geen gestruktureerde ontwerp in die modder nie. Maar... iemand kan wel met die modder vierkantige stene maak en 'n huis bou. Niemand sou ontken dat die klaargeboude huis met sy mure van ingemesselde stene, vensters, dak en deure, deur intelligente persone ontwerp en gebou is nie.

Om op te som: Die eerste vereiste vir ingewikkelde ontwerp of struktuur is 'n ONTWERPER. Saam met die ontwerper moet daar ook 'n MAKER wees. Die ontwerper kan natuurlik ook besluit om self die maker te wees.
Kom ons kom weer terug na die stoele. Die stoele met hulle vier pote, rugleunings en sitplekke moes eers uitgedink en beplan gewees het deur 'n intelligente persoon. Uiteindelik moes die afsonderlike dele van die stoele toe gemaak en aanmekaargesit word. Geen stoel sou vanself kon ontstaan sonder 'n ontwerper en 'n maker nie. Tot in ewigheid sal dit nooit kan gebeur nie. In wetenskaplike taal sou mens sê:
Gespesifiseerde kompleksiteit, dit wil sê die ingewikkeldheid daarvan, vereis beide 'n ontwerper en 'n maker.
Met die laaste stelling dink ek, sal geen denkende mens wil verskil nie.
Miskien sou jy na aanleiding van wat hierbo staan wou sê: Stoele is darem verskriklike eenvoudige goed.
Reg. Wat daarvan ons neem dan jou selfoon en rekenaar as voorbeelde? Dit is doodgewoon logies dat die 'gespesifiseerde kompleksiteit' of ingewikkeldheid van 'n selfoon of 'n rekenaar van a tot z 'n intelligente ontwerper vereis. Daar is geen ander moontlikheid nie. Dat iemand dalk 'n ontploffing wou gebruik om 'n selfoon of 'n rekenaar te maak is natuurlik met een woord belaglik.
Wat jy tot dusver gelees het is die rede waarom skeppingsgeloof baie meer sin maak as ateïstiese evolusie. Waarom? Skeppingsgeloof sê dat daar 'n Ontwerper is, wat tegelyk ook die Skepper is.
As mens mooi oor alles nading, leer evolusie eintlik die volgende:
Alles wat is, het alles wat is, self gemaak!!!
'n Mens sou dit ook kon omdraai en sê
Alles wat nie bestaan het nie, het alles wat bestaan, tot stand laat kom!!!

Dít, is wat ons kan noem totale sinloosheid!

Wat van kristalle, lewende dinge, voortplanting en ontwikkeling?
Ons weet dat iets soos kristalle op " 'n manier" self ontstaan. 'n Voorbeeld hiervan is soutkristalle.. Wanneer 'n mens 'n soutkristal onder 'n mikroskoop plaas, kan jy die kristalvormige of hoekige struktuur daarvan sien. Dit geld ook vir sekere kristalvormige klippe wat ons in die natuur kry.
Die vraag ontstaan hoe hierdie spesifiek gevormde strukture kan gebeur? Die antwoord is dat God in die atome van die stof waaruit kristalle gemaak is, rigtinggewende en herhalende kragte geplaas het wat die kristalvorming veroorsaak. In die geval van proteïne, dws die boustof waaruit organismes gemaak is, is dit nie voortdurende en herhalende kragte wat werk nie maar hoogs gespesifiseerde en fyn beplande inligting of bou-instruksies wat die plan vir 'n nuwe organisme deeltjie vir deeltjie voorsien.

En wat van lewende dinge?
As ons dink waaroor ons tot dusver gepraat het sou iemand dalk wou sê: "Dit is wel so dat iets soos stoele, selfone en rekenaars wat 'n komplekse struktuur het, nie vanself kan ontstaan nie." Maar wat van lewende goed soos plante, insekte of diere? Sou hulle nie dalk vanself kon ontstaan nie? Jy ken die antwoord maar hier kom dit weer:

Voorplanting vereis altyd eers 'n voortplanter.
Om 'kinders' te hê, moet jy eers 'ouers' hê want lewende organismes kom alleen voort uit lewende organismes. Iewers in die geskiedenis moes die eerste 'voortplanters' geskep gewees het om te kon begin voortplant. Die hele verhaal hiervan is in besonder in Genesis 1 en 2 beskrywe. Elkeen van

die verskillende soorte plante en diere wat geskep is, sou ná die Skepping "volgens hulle soorte" voortplant.
"En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle soorte: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle soorte. En God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle soorte en die vee volgens hulle soorte en al die diere wat op die grond kruip, volgens hulle soorte. Toe sien God dat dit goed was."

Twee geslagte nodig: Manlik en vroulik

In die skepping van die meeste organismes wat sou voorplant lê daar 'n groot wonder wat ons soms miskyk. Dit is die wonder dat God, met uitsonderings, altyd manlike en vroulike voortplanters saam geskep het. Dit was sy bedoeling dat hierdie gesamentlike voorplanters ook saam "ouers" moes wees. Vir evolusie is hierdie 'n onoorkombare struikelblok,want sien, volgens hulle sou die twee geslagte 'per toeval' ontstaan het.
Daarná sou hulle oor miljoene jare ontwikkel het en daarna ook 'per toeval' by mekaar aangepas het. Hoe's daai vir verskiklike 'intelligente toeval!'

Ontwikkeling na ander soorte?

Ons moet nog 'n vraag vra. Wat van die ontwikkeling of verbetering van organismes soos plante en diere wat reeds geskep is? Kan hulle vanself, of deur 'n bepaalde metode, in ander soorte ontwikkel en verander word? Wat diere betref sou jy dalk wou verwys na die inteling van honde, beeste en perde, ens. Ja, sekerlik kan perde, of beeste, of watter diere ookal, verbeter of verander word deur teling. Dit word genoem spesie-verbetering. Wat egter in die genoemde gevalle gebeur is nooit oorskakelingvan byvoorbeeld 'n perd na 'n bees nie. Daar ontstaan nooit, maar nooit, 'n nuwe soort dier nie. Die bly net by die verbetering of verandering van die

eienskappe van die bepaalde soort dier wat reeds bestaan. Visse word nie reptiele nie, reptiele word nie voëls nie, en voëls word nie landdiere nie. Volgens die wette van die genetika of voorplantingsleer kan dit nooit gebeur nie. As ons later oor DNS (Engels DNA) praat, gaan ons dieper in op hierdie onderwerp.

Miljoene jare se ontwikkeling?

Natuurlik het Darwin sy teorie só uitgedink dat die oorskakeling van een soort na 'n ander soort miljoene jare sou geneem het! Niemand sou dus ooit die hele proses kon waarneem nie omdat niemand miljoene jare leef om dit te sien gebeur nie. Niemand sou dus ook wetenskaplik kon kontroleer of dit wat Darwin gesê het, so is nie. (Mens kan dan seker ook vra hoe hyself dit so kon kontroleer...) Maar vandag weet ons op grond van die wetenskap van Biologie dat dit heeltemal onmoontlik is dat 'n nuwe soort dier uit 'n bestaande soort dier kan ontwikkel, al gee jy dit ook miljoene jare tyd om te gebeur.
Wat tot dusver gesê is kan ons ook anders stel. Die bewerings van "miljoene der miljoen jare" plaas die bewerings van evolusioniste buite die bereik van wetenskaplike kontrole. Dit beteken dat voorstanders van evolusie nie daarop aanspraak kan maak dat hulle idees getoets en wetenskaplik bevind is nie. Dit bly doodgewoon net hulle idees of gedagtes – die resultaat van raaiwerk (of doelbewuste misleiding...)
Voordat ons volgende keer oor die 'oue aarde' en die 'jong aarde' praat, onthou solank dit:
Die woord wat vir eenduisend miljoen jaar gebruik word, is 'n 'miljard'. As die evolusioniste dus sê dat die aarde vyf of ses 'miljard' jaar oud is, bedoel hulle dat dit vyf- of sesduisend miljoen jaar oud is.

Die 'ou aarde'- en die 'jong aarde'-benadering

Teenoor die 'ou aarde'-benadering van die duisende miljoene jare van Evolusie, staan die 'jong aarde'-benadering van Bybelgelowiges. Daar is ook baie gelowige wetenskaplikes wat hierdie oortuiging deel. Hulle glo dat God die aarde ongeveer sesduisend jaar gelede in ses dae geskep het. Daar is ook baie sterk wetenskaplike feite wat daarop dui dat ons aarde redelik jonk is. Of anders gestel, dat ons aarde nie miljarde jare oud kan wees soos wat evolusioniste beweer nie. Ek noem 'n paar van hierdie wetenskaplike feite hier:

1. **Modder op die seebodem**

As die aarde reeds ongeveer vyf miljard jaar oud was soos evolusioniste beweer, sou die see nou tot oorlopens toe vol modder gewees het. Elke jaar word ongeveer 20 tot 25 biljoen ton grond deur verspoeling en winderosie na die see geneem. Die modderlaag wat tans op die seebodem lê is gemiddeld minder as 400 meter dik. As die jaarlikse invloeiing van modder van 20 tot 25 biljoen ton grond reeds vir vyf miljard jaar so voortgeduur het, sou daar waarskynlik meer modder as water in die see gewees het. (Terloops: Een biljoen is gelyk aan 'n miljoen maal miljoen).

2. **Sout in die see**

Elke jaar neem die aarde se riviere ongeveer 450 miljoen ton sout na die see. Slegs ongeveer 27% van hierdie sout word jaarliks deur winderosie en verdamping weer uit die see geneem. Sover ons weet bly die res van die sout in die see agter. Dis moeilik om presies vas te stel maar dit baie seker om die huidige hoeveelheid sout in die water van die see daar te plaas, baie minder as 42 miljoen jaar sou neem. As die aarde vyfduisend miljoen jaar oud was moes die see min of meer net uit sout (en modder) bestaan het.

3. **Die magneetveld om die aarde**

Die aarde het 'n magneetveld om hom. Dit word oor die afgelope langer as honderd jaar gemeet en gemonitor. Hierdie magneetveld word aan die gang gehou deur 'n elektriese stroom wat in die kern van die aarde opgewek word. "Die tempo waarteen die magneetveld van die aarde afneem dui op 'n aarde wat nie ouer as 10 000 jaar kan weer nie. As die aarde ouer as 10 000 jaar was, sou die aanvanklike elektrisiteitstroom in die aardkern so sterk moes gewees het dat die aarde sou gesmelt het. Hiervolgens sou geen lewe op aarde ouer as 10 000 jaar dus moontlik wees nie." (Sien die boek van dr HD Mouton 'Skepping en Evolusie – Onversoenbaar').

4. **Meteoriet-stof**

Wetenskaplikes weet dat meteoriet-stof uit die ruimte op die aarde neersif teen 'n konstante hoeveelheid per jaar. Meting hiervan is gedoen en daar is vasgestel dat die jaarlikse hoeveelheid stof ongeveer 14 miljoen ton is. As die aarde vyf miljard jaar oud sou wees moes daar 'n meteoriet-stoflaag van ongeveer 60 meter oor die hele aarde wees. Tekens van so 'n groot meteoriet-stoflaag bestaan nie – dit dui op 'n jong aarde.

5. **Die draai van die aarde**

Die draai van die aarde word algaande stadiger. Dit is hoofsaaklik te wyte aan die remmende invloed van die aantrekkingskragte van die son en die maan. As die aarde vyf miljard jaar oud was sou die aarde se rotasie as gevolg van die remmende kragte reeds tot stilstand gekom het. As ons sou aanneem dat die aarde en die son en die maan reeds miljarde jare oud is, en ons sou die aarde se spoed daarvolgens terugreken, sou dit logies wees dat die aarde in die verlede baie vinniger moes gedraai het – só vinnig dat die kontinente as gevolg van die middelpuntvlietende krag na die

ewenaaromgewing sou getrek gewees het. Die aarde sou dan ook meer soos 'n plat pannekoek gelyk het. Ons weet egter dat die aarde steeds balvormig is en dat die kontinente nie langs die ewenaar lê nie. Ons vanselfsprekende gevolgtrekking is dat die aarde nie miljarde jare oud kan wees nie.

6. Komete

Daar word aanvaar dat komete dieselfde ouderdom is as ons sonnestelsel. Hulle is eintlik groot 'sneeuballe' wat in bane rondom die son beweeg. Elke keer as 'n komeet sy baan rondom die son voltooi smelt 'n deel van sy massa. Noukeurige studie van die disintegrasie van korttermyn komete dui daarop dat hulle oor 10 000 jaar heeltemal sou wegkwyn. Die gevolgtrekking is dat ons sonnestelsel nie baie ouer as 10 000 jaar oud kan wees nie.
Volgende keer praat ons oor die 'fossiele' wat aanhou om Darwin in sy teorie van 'spontane ontwikkeling' te laat sink.

Darwin se 'fossiele'
Daar was nog 'n ander probleem wat vir Darwin in sy teorie van 'spontane ontwikkeling' gesink het, naamlik sy fossiele-storie. Fossiele speel 'n baie belangrike rol in die hele saak van Evolusie. Ons met daarom eers daarby stilstaan.
Kom ons begin by die vraag oor wat 'n fossiel nou regtig is. 'n Fossiel is 'n versteende liggaam van byvoorbeel 'n dier, 'n insek of 'n vis wat skielik onder modder begrawe was. As gevolg van die modderomhulsel en die gevolgelike gebrek aan suurstof, ontbind en vergaan die liggaam nie soos gewoonlik binne 'n kort tydjie nie. Dit versteen of fossileer. Verstening vind dus plaas wanneer die modder waarmee die dier bedek is, hard word. Op hierdie manier bly die versteende liggaam van die dier dan bewaar en "gekis" in sy oorspronklike vorm. Juis hierdie versteende diere of fossiele waarvan daar talle

voorbeelde oor die aarde gevind is, bewys vir ons dat diere sedert die vroegste tye nie "ge-evolueer" het nie. Hulle het steeds dieselfde diere gebly as wat hulle van die begin af was en vandag nog is.
Daar het nie ontwikkeling na ander soorte plaasgevind nie. Moenie mislei word deur die tekening van evolusie-kunstenaars met hulle "aap-tot-mens-voorstellings" nie. Herhaaldelik was hierdie sogenaamde ontdekkings van "die vermiste skakels" of oorgangsfossiele tussen aap en mens, as doelbewuste bedrog ontmasker. In talle boeke word hierdie bedrogpogings in besonderhede beskryf. Ek gaan dit nie weer hier herhaal nie. Museums mislei mense ook dikwels deur mensfossiele so aapagtig as moontlik voor te stel en aapfossiele so mensagtig as moontlik.

Noag se vloed
Om die saak van fossiele reg te verstaan, is dit noodsaaklik dat ons eers moet ingaan op die groot vloed wat God in die tyd van Noag laat gebeur het. Dit word ook genoem die 'sondvloed'.
Ons lees die volgende in Genesis 6 verse 5 en 6:
"Toe die Here sien dat die boosheid van die mense op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die Here berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart."
Uit die bostaande verse sien ons, dat ná die sondeval wat beskrywe word in Genesis 3, die mensdom in uiterste sonde begin lewe het. God het besluit om hierdie sonde te oordeel en uit te roei. Dit sou Hy doen deur alle mense, met die uitsondering van Noag en sy gesin, deur water uit te wis. God het hierdie oordeel voltrek omdat Hy die Heilige en Regverdige God is wat sonde en rebellie haat en omdat die mense van destyds nie na die prediking van Noag wou luister nie. Die hele verhaal is in Genesis 6, 7 en 8 beskrywe.

'n Belangrike vraag is wat die vloed van Noag met die ontstaan van miljoene fossiele te doene het.
Ons lees in Genesis 7 dat nadat dit veertig volle dae gereën het, die water nog vir 'n tydperk van 150 dae bo-oor die aarde was. Die grond moes gevolglik so deurweek en versag gewees het dat dit waarskynlik alles modder geword het. Só kon die talle fossielbegraafplase wat vandag op die aarde is, ontstaan het. Diere is eenvouding onder modder en water begrawe. Ek onthou dat in Zimbabwe waar ek grootgeword het, die grond na net drie weke se aanhoudende reën so sag geword het dat motors en trekkers tot op hulle aste in die modder vasgeval het.
In Genesis 7:11 lees ons ook dat God "die fonteine van die groot waters oopgebreek het." Dit beteken waarskynlik dat Hy die onderaardse waterbronne laat oopgaan het. Dit moes tot gevolg gehad het dat gronddeeltjies só met die water vermeng was dat daar geweldig baie modderafsaksel was toe die vloed uiteindelik verby was. Vandag weet ons dat ongeveer 90% van die bokors van die aarde bestaan uit rotsformasies wat versteen het uit modderafsaksel.
Volgens die wetenskap van die geologie is daar ook sterk getuienis dat die vloed en wat daarmee saam gebeur het, groot veranderings in die aarde se oppervlakte tot gevolg gehad het. Daar word byvoorbeeld geglo dat daar vóór die vloed net een groot kontinent was. Die res was see. Met die vloed, so word beweer, het die huidige kontinente van mekaar af wegbeweeg. Daar word selfs gepraat van 'n herstrukturering van die aarde se oppervlakte.
Hierdie 'herstrukturering' kan ons ook sien in die verskillende aardlae wat 'n mens soms langs berghange en by groot paduitgrawings sien. In die wetenskap van die geologie praat hulle van hierdie aardlae as 'die geologiese kolom'. Lees gerus meer hieroor in die boek van dr John Morris 'The Geology Book'.

Om saam te vat kan ons sê dat die verhaal van Noag en die sondvloed wat ons in die Bybel lees, ooreenstem met die fossielgetuienis en die studie van die aardkors.
Wat sê die hele verhaal van Noag en die groot vloed dus vir ons? Dit sê, dat as ons Noag se verhaal kan glo omdat fossielbegraafplase en die geologie van die aarde dit bevestig, ons ook die verhaal van die Goddelike skepping wat in Genesis 1 en 2 beskryf word kan glo. Ons dien 'n God, so staan dit geskrywe in Lukas 1 vers 37, by Wie geen ding onmoontlik is nie. Hy kon deur 'n blote magswoord te spreek alles wat Hy wou, tot stand bring.

Seeskulpe bo in die berge!?
Ek het 'n tyd gelede 'n paar geologie boeke bekom waarin verskeie foto's van seediere se fossielopeenhopings verskyn. Hierdie opeenhopings bestaan hoofsaaklik uit fossiele van seediertjies en skulpe. Voorbeelde van hierdie skulp- en seedier- "begraafplase" het ek ook persoonlik bo in die Drakensberge naby Winterton gesien. Die feit dat die skulp- en seedierfossiele, wat op 'n stadium onder die seewater was, nou bo in die berge is sê vir ons dat dit saam met die aardkors boontoe 'opgedruk' moes gewees het. Wetenskaplikes glo dat hierdie fossiele wat bo in die berge is, saamgehang het met die plooiing of vouing van die aardkors wat deur die vloedwaters van Noag se vloed versag was. Dit is interessant om te weet dat seediere- en skulp-begraafplase ook by die pieke van Mount Everest in Tibet en China gevind word. Dit is meer as 8000 meter bo seëspieël, en ongeveer tweemaal so hoog as die hoogste bergpieke in Suid-Afrika! Verdere voorbeelde van hierdie 'plooiberge' is die Andes-gebergtes in Suid-Amerika, die Rocky Mountains in Noord-Amerika, en die Drakensberge in Suid-Afrika. Die enigste manier waarop die fossiele daar kon kom was toe die aarde onder water was tydens die

vloedvan Noag, en toe die aardlae daarna deur kragtige verbuiging geplooi was.

Sjimpansees en Evolusie

Daar word vandag baie gepraat en geskryf oor die sjimpansee en die mens wat glo so eners is! Hierdie enersheid tussen die sjimpansee en die mens is volgens sommige evolusioniste 'n bewys daarvan dat die mens en die sjimpansee gemeenskaplike voorouers gehad het! Ander mense wat beïnvloed is deur Darwin se idees sal miskien sê dat die enersheid bewys dat die mense van die aap afstam! Of dit wel so kon gebeur het, gaan vir jou duidelik word uit die volgende dele van hierdie reeks.

'n Bekende professor in Dierkunde en Insektekunde aan een van ons universiteite, het onlangs oor die program Monitor van RSG gesê: "Die sjimpansee verskil minder as 2% van die mens"! Hiermee word die indruk geskep dat die sjimpansee feitlik die gelyke van die mens is. Is dit so? Of is dit 'n poging om die leuen van evolusie te bevorder?

Kom ons gaan bietjie dieper in op die saak van die sjimpansee en die mens.

Sê nou maar ons het 'n universiteit iewers in die wêreld waar twee tale onderrig word. Ons noem die twee tale, sê nou maar Taal A en Taal B. Taal A is 'n baie moeilike taal om verskeie redes. Dit kan byvoorbeeld 'n buitengewone groot woordeskat hê, of dit kan ook baie moeilik wees om die skrif van die taal te bemeester.

Taal B wat ook aan dieselfde universiteit onderrig word, is ook baie moeilik, maar darem nie heeltemal so moeilik as Taal A nie. Kom ons sê Taal B is net 2% makliker. Sou die universiteitsowerheid dit kon oorweeg om 'n baie slim sjimpansee aan te stel om hierdie tweede taal aan studente te doseer? "Belaglik", sou jy sê. "Geen sjimpansee is enige menslike taal magtig nie." Ure en ure se pogings om vir

sjimpansees taal te probeer aanleer het in teleurstellings geëindig. Hulle kan wel soos honde en ander diere sekere menslike woorde koppel aan sekere dinge binne hulle leefwêreld, maar hulle kan nie in 'n geselskap deur middel van 'n taal met die mens 'n lopende gesprek voer nie. Om dus te sê 'n sjimpansee verskil net twee persent van die mens, net omdat hulle sekere liggaamlike eienskappe het wat soos die mense s'n is, is om nie met die ander feite oor die sjimpansee en die mens rekening te hou nie . Anders gestel, om die 'klein verskil' in sekere liggaamlike opsigte as bewys voor te hou dat die mens en die aap gemeenskaplike voorouers kon gehad het, is om die absolute verskil tussen aap en mens te ignoreer. Wat moet ons dit noem? Is dit dalk 'n poging van mense wat self mislei is om ander mense ook te mislei? Vir my lyk dit so!

Kom ons kyk 'n bietjie na die kilometer-wye verskille tussen die mens en die sjimpansee. Of miskien moet ons eerder begin by die ooreenkomste tussen aap en mens. Vir seker is daar ooreenkomste. Mense en sjimpansees het albei arms en bene en hande wat min of meer op dieselfde manier skarnier en werk. Elkeen het ook 'n brein en 'n liggaam met 'n skelet. Sou dit egter enigsins met die werklikheid rekening hou as ons sê dat omdat die mens en die aap ledemate het, en 'n brein, en 'n liggaam, hulle minder as 2% van mekaar verskil?

Kom ons vra nog 'n paar verdere vrae. Tem hulle wilde diere? Komponeer hulle simfonieë? Sing hulle en maak hulle musiek? Stuur hulle vuurpyle maan toe? Doen hulle navorsing? Beoefen hulle filosofie? Ontwerp en bou hulle geboue? Doen hulle orgaanoorplantings? Skilder hulle, en het hulle 'n aanvoeling vir die estetiese? Beoefen hulle wiskunde? Aanbid en prys hulle God as hulle wonderlike Skepper? Ons sou nog duisende ander hemelsbreë verskille tussen aap en mens kon aandui. Om dan nog verder soos die professor die oggend oor Monitor te sê: "Die mens ís 'n aap..." doen oneer aan dié God wat die mens na sy Beeld geskep het!

Vir my lyk dit dat om te sê dat die aap minder as 2% van die mens verskil, min of meer dieselfde is as om die volgende te sê: "Die beste en verste gevorderde armhorlosie ter wêreld verskil net 2% van die blikdekseltjie wat ons van die visblikkie afsny en in die asblik in die kombuis gooi. Die visblikdekseltjie en die horlosie is immers albei van metaal gemaak." So 'n redenasie, sal jy sekerlik saamstem, maak geen sin nie want dit ignoreer alle ander feite oor die dekseltjie en die horlosie wat saak maak.
Waar lê die werklike verskil tussen aap en mens? Vir seker is dit bo alles dáárin, dat God die mens "na sy Beeld en na sy gelykenis gemaak het" – Genesis 1 vers 26. Onder alle lewende, geskape dinge is die mens heeltemal uniek en in 'n ander klas. Hy het ook 'n ewige siel omdat God in sy neus die asem van die lewe geblaas het – Genesis 2 vers 7. Die mens se intelligensie en sy ander vermoëns oortref dié van die slimste aap duisend kere. Miskien moet ons eerder sê dat hulle gladnie vergelyk kan word nie!

Gevolgtrekking
Onthou die stelling van die professor –dat die mens en die aap net 2% verskil. Daar word dus gesuggereer dat die mens 98% dieselfde as sjimpansees is. As ons egter na die werklike reuse verskille tussen die mens en die sjimpansee kyk wat hierbo aangetoon is, dan is dit duidelik dat ons die syfers eerder moet omdraai en sê: Die mens is 98% verskillend van die sjimpansee en dalk minder as 2 % eenders. Daar is ook goeie wetenskaplike redes o mte glo dat solank as ons aarde bestaan, die verskille tussen aap en mens dieselfde sal bly. Dié redes sal ons in die volgende aflewering bespreek.

DNS (Engels DNA) en Evolusie
DNS is die afkorting vir die naam deoksiribonukleïensuur. Die Engelse afkorting "DNA" is miskien meer bekend. Hierdie

DNS van die manlike en die vroulike ouers bevat die 'instruksies' vir die ontstaan, die ontwikkeling en die soort van die nageslag van alle lewende organismes. Dit geld dus vir plante, diere en mense. Hierdie 'instruksies' word ook genoem 'inligting' of 'kodes'. DNS bepaal dus wat alle eienskappe van die nageslag sal wees – ook die voorkoms, die geaardheid en die vermoëns. 'n Ander naam waaronder DNS bekendstaan, is 'argitek- of bloudrukplan vir die lewe'. Die DNS-ontstaaninstruksies word bewaar in twee spiraalgedraaide bandjies wat toegevou is en wat binne-in die kern van elke sel van die liggaam opgekrul lê. Die DNS van elke soort kan net die eienskappe van daardie bepaalde soort dier in die ontstaanproses voorsien, niks anders nie. Die instruksies of die inligting van die soort dier kan ook nie vermeerder word om 'n ander, meer gevorderde soort dier voort te bring nie. Daar bestaan ook geen voorbeelde dat dit al gebeur het nie. Prakties beteken dit dat die DNS van sjimpansee-ouers byvoorbeeld, gladnie kan verander word om iets anders as sjimpansee-babas voort te bring nie. God het bepaal dat elke lewende organisme, insluitend die mens en die sjimpansee, "volgens hulle soorte" vrugbaar sal wees en voortplant. Menslike DNS van mensouers is dus geskep om mensbabas en ook nét mensbabas met hulle unieke wonderlike menseienskappe voort te bring.
Laat my toe om iets van hierdie wonderlike menseienskappe vir jou te beskryf met die byna ongelooflik menslike vermoë van orrelkunstenaars om orrel te bespeel. Die verstand van die orrelis, deur middel van sy twee oë, lees vier tot tien note tegelyk van sy musiekboek af terwyl hy orrel speel. Sy brein stuur terselfdertyd die boodskappe van die vier tot tien note na die tien vingers van albei sy hande én ook na albei sy voete. Die twee hande en die twee voete druk tegelykertyd die korrekte note op die handsleutelborde en die voetpedale. Terwyl die orrelis sit en speel, doen hy ook waar nodig, verskillende klank- en oorgangverstellings met sy twee hande

en soms ook met sy twee voete. Egte orrels het meestal twee tot drie handsleutelborde, terwyl sommige groot orrels tot vyf het. Hiervan bespeel die orrelis meestal twee gelyk met sy hande, terwyl albei voete in harmonie daarmee op die voetpedale saamspeel.
Ons kan nie anders as om saam met Dawid die Psalmdigter uit te roep nie: "Wat U gedoen het, vervul my met verwondering" (Psalm 139:14). As dit enigsins moontlik is, lees ook verse 13 tot 18 van die Psalm in jou Bybel.
Die meeste van die biologiese feite oor DNS is eers in die sewentiger jare van die vorige eeu ontdek. Dit was onder andere deur die studie van prof Francis Crick en enkele ander wetenskaplikes. Darwin het van hierdie feite nog glad nie geweet nie. Daarom kon hy nog glo dat een soort dier of plant kon oorgaan na 'n ander soort – dws evolusie.

Oneindige hoeveelhede besonderhede!

Afgesien van die breë karaktereienskappe van elke organisme wat deur die DNS na die nageslag oorgedra word, is daar ook die oneindige hoeveelheid klein besonderhede van elke orgaan van die liggaam wat in die nuwe individu se liggaam ingebou moet word. Orgaan vir orgaan moet die oordrag- en inbou-instruksies van hierdie eienskappe gedoen word, dws die brein, die oë, die ore, die hart, die niere, die longe, die skelet, ensomeer. In die geval van die mens vind dit alles deurlopend oor die swangerskaptydperk plaas totdat die nuweling gebore is. Die volledige plan en besonderhede van alle lewende organismes kom van die DNS van ouers af. Ons moet ook nie net dink aan die hooforgane van ons liggame nie. Ons moet ook onthou dat sekere organe, byvoorbeeld ons longe uit miljoene der miljoene klein deeltjies bestaan wat elkeen deur nog meer individuele selle baie kompleks gebou moet word. Die instruksies vir die bou van elke deeltjie en elke sel van elke orgaan moet dus een vir een vanaf die DNS-instruksiemolekules 'gegee' word. Elke soort selletjies, hetsy

spierweefsel, beenweefsel of watse weefsel ookal, moet op die bepaalde weefsel se plekkie ingebou word.
As 'n mens as voorbeeld na die oog kyk word hierdie wonderlike proses nog duideliker. Nie alleen het die oog duisende 'onderdele' waarvoor daar vir elke klein deeltjie 'inligting' of 'bou-instruksies' gegee moet word nie maar die twee oë moet uiteindelik ook saamwerk om gesamentlik hulle funksie te vervul. Die talle oogsenuwees moet ook akkuraat aan die brein gekoppel word sodat die persoon kan sien en verstaan wat hy sien!
Omdat die instruksies vir die liggaamlike besonderhede deeltjie vir deeltjie in die DNS van elke sel gestoor word, is die hoeveelheid inligting wat dit bevat enorm baie! Dit is ook mikroskopies klein. Die inligting van een sel was al vergelyk met 500 stapels boeke van die aarde af tot by die maan. Al hierdie inligting word ook in die DNS van elke selletjie van elke lewende organisme gestoor! Elke soort organisme se DNS is ook anders. Die uiterlike genetiese materiaal mag eners lyk, soos die sjimpansee en die mens s'n maar die boodskap of inligting daarvan verskil hemelsbreed. Daarom is die nageslag van sjimpansees so totaal anders as dié van die mens. Ook vanaf elke mens of dier tot by die volgende mens of dier van dieselfde soort, verskil die DNS-inligting. Daarom is geen mens of dier ooit dieselfde as 'n ander mens of dier nie.
Op grond van wat hierbo aangetoon is, is dit duidelik dat geen dier of organisme se DNS ander soort bou-instruksie of inligting kan oordra as nét die eienskappe van daardie bepaalde soort nie. Om dit nog duideliker te sê: Die DNS-eienskappe van alle lewende organismes is onveranderbaar vasgestel. Daar kan dus nie verandering oor die grense van soorte plaasvind om evolusie te laat gebeur nie! Al wat kán gebeur is dat as gevolg van DNS wat verlore gaan, die nageslag van 'n dier sekere eienskappe van sy soort kan

verloor. As daar 'n fout kom met die DNS, kan daar misvorming plaasvind – dit beteken dat die nageslag van so 'n organisme gebreklik gebore word. Die woord wat in die biologie daarvoor gebruik word is 'mutasie'.
*Vir meer inligting hieroor kan ek die boek van dr Geoffrey Simmons aanbeveel: *"What Darwin didn't know",* verkrygbaar van Creation Ministries International.
Om saam te vat: Omdat honde net hond-DNS het, kan hulle niks anders as klein hondjies voortbring nie. Hulle kan nooit ape voortbring nie. Dit geld ook vir elke soort plant, dier of mens.
Toe daar 'n tyd gelede vir die baie bekende evolusionis, prof Richard Dawkins gevra is of hy enige voorbeeld kan noem van 'n geval waar die inligting, dws die DNS-instruksies van diere vermeerder het om hoër ontwikkeling voort te bring, was hy met hierdie vraag baie verleë. Natúúrlik sou hy nie 'n voorbeeld van vermeerdering van DNS-instruksies kon noem nie want in Genesis 1 en 2 staan dit nie minder nie as nege keer geskryf dat God die plante, die visse, die voëls en die diere "volgens hulle soorte" geskep het. Sien hieroor veral Genesis 1 verse 20 tot 25. Alle soorte was dus van die begin af daar. Hulle het nie met die tyd ge-evolueer of ontwikkel nie. Van "die begin" af plant alle organismes ook voort volgens die DNS-instruksies wat God by die skepping in hulle geplaas het.

Waarom glo mense dan in evolusie?
"Ons het almal die idee van evolusie gegryp omdat die idee van God met ons seksuele voorkeure ingemeng het." Om te glo dat daar wel 'n God is wat alles geskep het bring ook mee dat ek aan hierdie God verantwoordelik is en dat Hy van my rekenskap gaan vra! Die enigste 'uitweg' uit die dilemma is om God 'uit die pad te redeneer.
In die lig van al die bogenoemde feite is dit onverstaanbaar waarom mense nog die teorie van evolusie probeer verdedig.

Wat moet ons hieroor sê? Sou dit dalk wees dat hierdie mense nie wil hê dat daar 'n persoonlike Skepper-God moet wees wat ook rekenskap van hulle gaan vra nie? Trouens, dit wil voorkom of evolusie vir één doel ontwerp is, en dit is om van God ontslae te raak!
'n Dame het by geleentheid vir die baie bekende evolusionis, Sir Julian Huxley, gevra waarom hy dink dat evolusie so vinnig veld gewen het in die wêreld. Hy het toe die aap uit die mou gelaat en gesê: "Ons het almal die idee van evolusie gegryp omdat die idee van God met ons seksuele voorkeure ingemeng het." Om te glo dat daar wel 'n God is wat alles geskep het bring ook mee dat ek aan hierdie God verantwoordelik is en dat Hy van my rekenskap gaan vra! Die enigste 'uitweg' uit die dilemma is om God 'uit die pad te redeneer. Die idee van evolusie dien hierdie doel natuurlik uitstekend en boonop klink dit nog wetenskaplik ook!

Ons wonderlike skepping en ons wonderlike Skepper
Toe ek vanoggend vroeg toe dit nog donker was gaan stap het, het ek dit so geniet om na die pragtige volmaan te kyk wat besig was om onder te gaan. "Hoe wonderlik", het ek vir myself gesê, "dat God ook die maan gemaak het om met sy betowerende skoonheid soveel vreugde vir ons as mense te bring." Dit het my ook laat dink aan ons wonderlike aarde en alles wat so noukeurig geskep is om lewe, en in besonder menslike lewe op aarde, te onderhou. Alles kan vergelyk word met 'n wonderlike simfonie waarin elke noot in verhouding met ander note sy plek het en ons bekoor.
Nêrens in die eindelose heelal met sy miljoene sterrestelsels is daar 'n planeet wat enigsins met ons aarde vergelyk kan word nie. Al die unieke eienskappe van ons wêreld getuig van spesiale ontwerp en 'n Goddelike Ontwerper. Ons aarde wentel om die son in 'n feitlik volmaakte sirkel. Dit is presies ook op die regte afstand. As die wentelbaan van die aarde om

die son ellipsvorming, óf verder, óf nader was, sou oormatige hitte of koue lewe hier onmoontlik gemaak het. Die aarde draai ook om sy eie as teen presies die regte spoed om die regte dag- en naglengtes vir ons te gee. So word ook die regte gemiddelde temperature vir ons lewe voorsien. Die skuins helling van die aarde in sy verhouding tot die son voorsien vir ons die nodige klimaatwisseling vir ons seisoene.
Ons aarde se atmosfeer het presies ook die regte hoeveelheid suurstof (21%). Dit maak lewe vir ons moontlik, As hierdie vlak hoër of laer was kon ons nie lewe nie. As die stikstofpersentasie laer as 78% was sou ons ook nie kon bestaan nie. Die aantrekkingskrag van die aarde is ook presies reg om alles op aarde in plek te hou. Water, wat ons Skepper in oorvloed oor die aarde versprei het, is 'n onuitputlike bron van lewe vir mens, plant en dier. Geen lewe sou daarsonder kon bly voortbestaan nie. As temperatuur-reguleerder is water in die regte hoeveelhede en verspreiding onontbeerlik. Alle water is ook waar dit moet wees; bo-op die aarde, óf in die holtes onder die aardoppervlakte, óf in die lug! Die besondere eienskappe van water maak dit 'n leefplek vir visse wat vir miljoene ander voedsel voorsien.
Wat jy hier gelees het is maar 'n paar eienskappe wat noodsaaklik is om lewe op aarde te onderhou. Sou hierdie unieke planeet met sy saamgestelde gespesifiseerde kompleksiteit die produk van 'toeval' kon wees? Alleen 'n dwaas sou so kon sê. Sien Psalm 14:1. Ons aarde en sonnestelsel vereis 'n oneindeig Wyse Ontwerper en 'n Almagtige Skepper. Hy alléén moet geëer en aanbid word!
"Hy het gespreek en dit was; Hy het gebied en dit staan" – Psalm 33:9.

Waarom is daar geen half-geëvolueerde diere nie?
Het dit jou al opgeval dat deur al die eeue heen tot vandag toe, niemand weet of geweet het, van halfpad of 'n ent-ver

geëvolueerde diere nie? Ons het sulke diere nie in ons dieretuine, ons wildreservate, ons voëlparke, ons akwariums, ons damme of die see nie. Sou die proses van evolusie dan iewers tussen die tientalle soorte gestop het – ek bedoel nou ook dié soorte waarna Darwin met sy "evolusieboom" verwys? Die antwoord is duidelik: Daar wás nooit half-geëvolueerde diere nie! As half-geëvolueerde diere in pre-historiese tye wel bestaan het, moes hulle fossiele iewers te siene gewees het.
Evolusie is 'n versinsel van mense wat weier om die feit van die skepping deur 'n wyse en almagtige God te erken. Die antwoorde op die twee hoofvra van hierdie reeks is duidelik:

WAT IS EVOLUSIE? – DIT IS 'N LEUEN!

KAN JY DIT GLO? – NEE, JY KAN DIT NIE GLO NIE!

Ongetwyfeld is dit die grootste leuen van alle tye. Dit het die denke van miljoene mense in beslag geneem. Hier in die eindtyd van die wêreldgeskiedenis gebruik Satan hierdie leuen by uitstek. Dit herinner ons ook aan die waarheid wat in 2 Thessalonicense 2 verse 11 en 12 geleer word. Wanneer mense God en sy Waarheid verwerp, gee Hy hulle oor aan "die krag van die dwaling". Dan glo hulle die leuen en bring God se oordeel oor hulle.

'n Voorlaaste vraag:
Waar kom al die ellende vandaan?
Miskien is jy saam met my in vervoering oor al die wonders van God se skepping. Maar, aan die ander kant wonder jy soms waarom daar so baie ellendes soos oorloë, siektes, dood en rampe is. Hierop gee die Bybel óók die antwoord. Die mens, as kroon van God se skepping, het gesondig. Dít beteken dat ons teen God gerebelleer het, en só ons

verhouding met God verbreek is. As gevolg van ons sonde rus die vloek van God ook op ons en op die skepping. Dit is soos wanneer 'n gesonde liggaam deur siekte aangetas is. Wanneer ons as mense se verhouding nie met God herstel word nie, bly die oordeel van God op ons. Uiteindelik gaan ons ook as straf 'n ewige verderf weg van God se aangesig af ondergaan. So staan dit geskryf in die Nuwe Testament in die tweede brief van Thessalonicense, hoofstuk 1 vers 9.

Ek wil 'n laaste en persoonlike vraag aan jou vra:
Is jy alreeds 'n kind van God? As jy nog nie in jou verhouding met God herstel is nie, is die enigste manier waarop dit kán gebeur, dat jy doen wat Jesus gesê het jy moet doen. Dít is dat jy jou bekeer en in Jesus glo. Dít staan geskrywe in die Evangelie van Markus in hoofstuk 1 verse 14 en 15. Wat hierdie twee verse beteken, beskrywe ek meer volledig in 'n klein boekie met die titel *"Hoe word ek 'n Kind van God?"* Bestel dit gerus teen R10 elk, posgeld ingesluit, by Lig Publikasies, Posbus 15754, Lynn East, 0039. Hierdie boekie kan ál die verskil in jou lewe maak!